NG GEMEENTE BLOUWATERBAAI FAMILIEKERK

Vakature: Voltydse leraar (Onbepaalde termyn)

Sluitingsdatum: 21 Julie 2023

Die kerkraad van Blouwaterbaai Familiekerk wag biddend aansoeke van gelegitimeerdes in vir bogenoemde pos.

Gemeenteprofiel:

Blouwaterbaai Familiekerk is 'n liefdesgemeenskap wat vir Jesus dissipels maak. As gestuurde gemeente is dit ons fokus om die evangelie van Jesus se liefde aan al die mense in en om ons gemeenskap te bring. Ons is tans 40 doop- en 272 belydende lidmate. Blouwaterbaai is 'n voorstad van die vriendelike Gqeberha (Port-Elizabeth).

Leraarsprofiel:

Die leraar het goeie kommunikasievaardighede, is liefdevol (leef die vrug van die Gees) en is sensitief vir die diverse behoeftes van gesinne, mense van verskillende ouderdomme en kulture.

Pligte:

Met Kerkorde Artikel 9 as basis, fokus die leraar op die volgende:

- Rig eredienste in dat lidmate dit as egte liefdesgemeenskap ervaar.
- Bemagtig lidmate vir bediening, inspireer streekleiers en rus hulle toe om ons visie prakties uit te leef.
- Lei ons gemeente tot 'n gemeenskapsgerigte bediening wat omgee vir mense in nood.

Vergoeding en voordele:

- Die totale koste van indiensneming (TKVI) beloop R300,000 per jaar.
- Bykomend word gratis huisvesting in 'n doelmatige pastorie voorsien, asook
- telefoontoelaag,
- internet,
- munisipale dienste,
- sekuriteit, en
- tuindienste
- Die pakket word volgens behoefte binne wetlike vereistes gestruktureer.

Aansoek:

Aansoek moet vergesel wees van 'n kort CV, met foto, en met die kontakbesonderhede van drie referente. Skryf ook 'n dekbrief waarin u aandui waarom u vir die pos aansoek doen.

Laai ook hierdie vraelys af, voltooi en stuur die dokument met u aansoek: https://ngkok.co.za/bwb/bwb.doc.

E-pos asb. u aansoeke na bwb@ngkok.co.za

Indien die kerkraad 'n onderhoud verlang, moet die kandidaat daartoe beskikbaar wees.

Sluitingsdatum: 21 Julie 2023**.**

Diensaanvaarding: 1 November 2023, of so gou moontlik daarna.

Navrae:

- Ds Danie Mouton (konsulent), 082 923 4178

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.